## Lesing 6 - 18 November 2021 - Selfs die slegste en boosste sondaar besit die Goddelike vonk van Elohim se Liefde

**Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 4**
**JAKOB LORBER**

*Zorel se blik in die skepping*

**Hoofstuk 55:1** Nadat My uitleg aan Cyrenius beëindig is, begin Zorel, wat gedurende al dié tyd so stil soos `n dooie daar gelê het, homself te beweeg en kry so `n bo-aardse uitdrukking op sy gesig dat sy uiterlike selfs die aanwesige Romeinse soldate baie eerbied inboesem en een van hulle sê: "Die man lyk soos `n slapende god!"

[2] Ook Cyrenius sê: "Waarlik, `n **onbeskryflik verhewe mensbeeld!"**

[3] Ten slotte open Zorel sy mond en sê: "So staan nou die een in sy volmaakte wese voor God, wat **Hom nou eers herken het, liefhet en aanbid**!" - Daarop volg `n pouse.

[4] **Daarna praat Zorel verder en sê: "My hele wese is nou lig en ek sien geen skadu nie, nóg in my nóg buite my. Want ook om my heen is alles lig. Binne hierdie alom aanwesige lig sien ek egter nog `n mees heilige lig; dit straal soos `n baie kragtige son, en daarin is die Meeste!**

[5] Eers dag ek van my vriend en gids dat hy slegs `n mensesiel is soos wat ons is, maar in my vorige toestand het ek alles nog nie gesien soos wat dit werklik is nie. Nou eers herken ek die Gids! Hy is nou nie meer by my nie, maar **in die son** sien ek Hom, wat nog gewyder as gewyd is! Oneindige skares volmaakte liggeeste sweef aan alle kante om hierdie son, in kleinere, grotere en baie groot sirkels. Hoe oneindig majestueus sien dit daar uit! O mense! Om God te sien en Hom bo alles lief te hê is die hoogste genot, die hoogste saligheid!

[6] Maar ek sien nou nie net alle hemele nie, maar my blik dring nou ook deur in die diepte van die skeppings van die Almagtige, Een, groot God. Ek sien ons skraal aarde deur en deur en ek sien alle eilande en vastelande op die hele aarde. Ek sien die bodem van die seë en alles wat daaronder is en bestaan, al die baie skepsele in die see, van die kleinste tot die grootste. Wat `n oneindige verskeidenheid is daar tog nie!

[7] Ek sien ook hoe die gras gevorm word deur allerlei kleine geeste, wat baie haastig en ywerig is. Ek sien hoe die wil van die Almagtige hulle aanspoor om ywerig te wees en ek sien van elk van die tallose, kleine geeste die doel en die taak wat presies afgemeet is. Soos wat die bye aan hulle wasselle werk, so werk die **klein gesies** aan en in die bome en struike, grasse en plante. Dit alles doen hulle wanneer hulle gegryp en deurdring word deur die wil van die Een wat my Vriend en Gids was op die smal en doringagtige pad van my selfbeproewing van die lewe tot hiertoe, en wat nou in die onbereikbare son, in Sy oergewyde lig woon en Sy wil in alle oneindighede laat uitstroom.

[8] **Ja, Hy alleen is JaHWeH, niemand is aan Hom gelyk nie! Groot en klein moet hulleself voeg volgens Sy wil. Daar is niks in die hele oneindigheid wat homself teen Hom sou kon verset nie. Sy mag gaan alles te bowe en Sy Wysheid is onnaspeurlik. Al die bestaande is uit Hom en daar is niks in die eindelose ruimte van Sy skeppings wat nie uit Hom sou ontstaan het nie.**

[9] Ek sien die kragte Hom verlaat, soos wat mens smôrens die strale van die opgaande son vinniger as weerlig na alle kante sien skiet, en waar `n straal iets raak en omvat, word iets wakker gemaak, dit begin lewe en beweeg en weldra duik nuwe vorme en nuwe gestaltes op. **Maar die menslike vorm is die grens- en sluitsteen van alle vorme, en sy gestalte is `n egte, hemelse gestalte; want die hele hemel, waarvan God alleen die grense ken, is ook `n mens, en elke vereniging van engele is ewe-eens `n algeheel volmaakte mens.**

[10] Dit is `n groot geheim van God, en wie nie op die plek staan waar ek nou staan nie, sal dit onmoontlik glo en verstaan. Slegs die suiwerste gees uit God in die mens kan glo en verstaan en sien wat tot die gees behoort, en wat hy in hom het en wat buite hom is, en hoe dit bestaan en ontstaan, en waarom en waarvoor! Daar is niks in die oneindigheid wat nie vir die mens bestem is nie; **alles is gerig op die mens en sy behoeftes in alle tye en onder alle omstandighede."**

**Hfs 56:1 (Zorel:)** "God Self is die hoogste en mees volmaakte, ewige Oermens uit Homself. Dit wil sê, hierdie Mens is in wese `n vuur, waarvan die gevoel Liefde is; `n Lig, waarvan die gevoel Verstand en Wysheid is; en `n warmte, waarvan die gevoel die lewe self is in die volste bewussyn van Homself. As die vuur hewiger word, word die lig ook intenser en die alles skeppende warmte ook hewiger, sodat dit uiteindelik ver na buite uitstraal. Hierdie straling is self lig, het die warmte reeds in homself, en hierdie warmte het ver weg dieselfde uitwerking as binne-in homself. Die geskapene neem steeds meer lig en warmte op, dit verlig en verwarm so altyd verder en verder en werk daar waar dit kom, ook weer. En so plant alles ewig verder voort uit die oervuur, die oerlig en uit die oerwarmte en vul steeds verder en steeds meer die oneindige skeppingsruimte.

[2] Alles kom dus oorspronklik uit die een oerbestaan van God voort en bly hulself ontwikkel totdat dit gelyk word aan die **oerwese van die Oermens**. Eenmaal daaraan gelyk, bly dit dan ook in volledige selfstandige vryheid in die menslike vorm uit God bestaan as `n **Elohim** homself, in innige verbondenheid met die Oer-

God, omdat dit dít is wat die Oer-God Self is.

[3] Waar julle lig, vuur en warmte sien, daar is ook die mens, hetsy al gereed of in `n beginstadium. Miljarde lig-, vuur- en warmte-atome ontpop hulleself en bring vorme voort. Die afsonderlike vorme gaan opnuut tesame en ontpop hulleself in `n groter vorm, wat die menslike vorm al meer benader, en ontwikkel homself daarin tot `n wese. Hierdie wese produseer nou al meer vuur, lig en warmte, waardeur `n groot behoefte aan `n hoër en meer volmaakte vorm egter ontstaan. Die talle vorme wat op sigself reeds volmaakter is, verskeur ewe-eens hulle omhulsels, voeg hulle saam en ontpop hulleself deur die substansie van hulle wil wederom in `n **hoër en volmaakter vorm**. Dit gaan so voort totdat die mens voltooi is, en daarna ontpop die mens homself tot die toestand waarin ek my nou bevind en waarin hy dan **volledig gelyk is aan die Oervuur, die Oerlig en die Oerwarmte**. Dít alles nou, is God, wat ek nou onafgebroke sien in Sy Oerlig, met in Homself die volle vuur en die volle warmte, en dit alleen is dit wat van ewigheid tot ewigheid die wese van God uitmaak.

[4] Daarom is die mens éérs mens uit God en dan eers mens uit homself. Solank hy slegs uit God is, lyk hy soos `n embrio in die moederliggaam. Eers wanneer hy uit homself `n mens geword het volgens God se ordening, is hy `n **voltooide mens**, omdat hy eers daardeur tot `n ware ewebeeld van God kan word. As hy dít bereik het, bly hy ewig soos `n God en het self `n skepper van die verdere wêrelde en wesens en mense geword. Want dit is wonderlik dat ek nou al my gedagtes, gevoelens en wense kan sien en my wil kan vorm volgens die omhulsel van dit wat ek gedink en gevoel het! Kyk, so gaan die skepping steeds opnuut voort!

[5] Die gevoel van warmte, en dus liefde, het die behoefte aan realisasie; hoe sterker daardie gevoel word, des te meer vlamme en warmte wek dit daardeur in homself op en des te kragtiger word die lig van die vlamme ook.

[6] Die behoefte van die liefde druk haarself uit in vorme van lig. Maar die vorms ontstaan en vergaan dadelik weer, soos by `n mens die beelde agter die ooglede van die geslote oë tydens `n verhitte fantasie. Daar kom steeds weer ander beelde, hulle word groter en neem stadig maar seker meer blywende en herkenbare vorms aan. Maar by die voltooide mense, soos wat dit by my nou natuurlik maar vir `n kort tydjie die geval is, bly die gedagte in sy vorm bestaan omdat dit, deur die wil gegryp, dadelik deur `n vinnige omhulling in die opgetrede vorm vasgehou word en dit nie weer kan verander nie. Omdat die omhulling egter oorspronklik slegs eteries teer en daarom ook deurskynend is, dring daar van die skepper van die gedagte wat nou vasgelê is, voortdurend meer lig en warmte na binne. Dit vergroot die eie lig en die eie warmte van die vasgelegde gedagte, wat oorspronklik uit hierdie twee geestelike elemente ontstaan het. Die so gevormde gedagte begin homself steeds gou meer en meer te ontwikkel en word volgens die lig van die wysheid en die volmaakte kennis, waarvoor elke konstruksie, ook al is dit hóé kunstig, helderder as die helderste dag is, in al sy noodsaaklike dele, verbindinge en opbou, doelmatig en as `n sinvolle geheel ingerig. As die gedagte eenmaal die organiese inrigting het, begin in hom hierin ook al `n eie lewe van homself bewus word en dit voor te berei.

[7] Jy kan jou goed voorstel dat `n voltooide mens reeds in enkele oomblikke `n eindelose hoeveelheid verskillende gedagtes en idees, volkome organies ingerig, sal kan dink en saamvat. As hy dit wil omhul met sy wil, sal dit bly bestaan en hulleself ontwikkel. Uiteindelik sal hulle by die bereik van hulle natuurlike, hoogste, voltooide vorm self gelyk word aan hulle skepper en hulle sal hulle soortgenote voortbring en skep en so uit hulleself, op soortgelyke wyse as waarop hulle self ontstaan het, `n eindelose vermeerdering van hulle eie soort tot stand kan bring. Daarvan vind jy reeds duidelik aantoonbare voorbeelde in die materiële wêreld.